

Jesus en die boek Openbaring



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

1 Korintiërs 10:1-11, Openbaring 12:1-17, hfst. 19:11-15, Efesiërs 1:20, Openbaring 11:19, hfst. 1:10-18.

Geheueteks:

“Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek saam met My op my troon laat sit, net soos Ek ook die oorwinning behaal het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het” (*Openbaring 3:21, NAB*).

Selfs die mees oorsigtelike lees van die Nuwe Testament bring ’n belangrike waarheid aan die lig – dat daar ’n direkte verbintenis tussen die Ou en Nuwe Testamente is. Die Evangelies en die Sendbriewe verwys telke male na die Ou Testament – deur óf melding te maak van die gebeure wat daarin oortel word, óf deur direk of indirek daaruit aan te haal. Met verwysing na Homself en sy bediening het Jesus gesê dat Hy bepaalde dinge moes doen of moes los omdat die “Skrif so vervul moet word” (*lees Matt. 26:54, 56; Mark. 14:49; Joh. 13:18; hfst. 17:12*).

Dieselfde beginsel geld vir die boek Openbaring. Om die waarheid te sê, dit is basies onmoontlik om Openbaring sonder die Ou Testament te verstaan, veral nie sonder die boek Daniël nie. Derhalwe word dié twee boeke dikwels saam bestudeer. ’n Besonder belangrike aspek van daardie Ou-Testamentiese verwysings in Openbaring – verwysings wat saam met die ander materiaal daarin gelees moet word – is dat dit Jesus Christus aan die leser openbaar. Openbaring handel eintlik oor Jesus – wie Hy is, wat Hy vir sy kinders gedoen het, en wat Hy nog vir ons in die eindtyd gaan doen. Gevolglik is dit van kardinale belang dat ’n gesprek oor eindtydgebeure Jesus as vertrek-, middel en eindpunt moet hê – iets wat Openbaring beslis doen. Vandeesweek se les kyk dus na Jesus in Openbaring.

* *Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 21 April.*

Die struktuur van Openbaring

Daniël en Openbaring stem in baie opsigte ooreen, ook in terme van die indeling van hul aangebode materiaal – te wete histories en eskatologies (wat betrekking het op die eindtydleer). Hierdie begrippe is in elke boek nou verweef. Derhalwe kan ’n mens die historiese gebeure as voortekens, en selfs as voorbeelde (al is dit net in die klein), van groot en wêreldwye eindtydgebeure beskou. Met ander woorde, deur die bestudering van historiese gebeure in die Ou Testament verkry ’n mens insae in die dinge wat nou besig is om te gebeur, asook dié wat nog voorlê. Hierdie beginsel is egter nie net op Daniël en Openbaring van toepassing nie.

Lees 1 Korintiërs 10:1-11. Hoe blyk hierdie beginsel uit die pasgelese skrifgedeelte?

Soos ons laas week gesien het, val party van die verhale in Daniël (*Dan. 3:6, 15, 27; en hfst. 6:6-9, 21, 22*) saam met bepaalde geskiedkundige verwickelinge in die Ou Nabye Ooste. Daardie verwickelinge stem tot ’n mate ooreen met die eindtydgebeure waarvan ’n mens in Openbaring lees. Die bestudering van daardie verhale bied ’n mens insae – al is dit net in breë trekke – van party van die dinge waarmee die kinders van die Here in die eindtyd te kampe gaan hê. Wat is die hoofsaak hier? Dat ons die versekering van uiteindelijke verlossing het, ongeag die omstandighede waarin ons ons nou bevind. Benewens al die ander dinge wat Openbaring ons leer, belof dit oorwinning aan dié wat getrou bly. Met enkele uitsonderings vorm hoofstukke 1 tot 11 die historiese deel van Openbaring, gevolg deur die eindtydlerende deel, hoofstukke 13 tot 22.

Lees Openbaring 12:1-17. Waaronder ressorteer dié hoofstuk, histories of eindtydlerend, en hoekom?

Duidelik dek hierdie hoofstuk beide segmente. Hoe so? Dit praat van historiese konflikte – Satan wat uit die hemel gewerp word (*Op. 12:7-9*), die aanval wat hy op die Christuskind geloods het (*Op. 12:4*) en die vervolging van die God se kinders deur die eeue heen (*Op. 12:14-16*) — gevolg deur ’n voorskou van Satan wat die oorblyfsel in die eindtyd aanval (*Op. 12:17*).

Jy ken seker die gesegde: “Die groot les wat ons uit geskiedenis leer, is dat ons nooit uit die geskiedenis leer nie.” Met ander woorde, mense maak voortdurend dieselfde foute, ongeag die tydvak waarin hulle leef. Met so ’n lang en gebeurtenisryke geskiedenis om van te leer, bly die vraag dus: Hoe moet ’n mens dan maak om nie die foute van die verlede te herhaal nie?

Woordprentjies van Jesus

Lees die volgende teksverse, waarin 'n aantal van Jesus se Name genoem word. Hier en daar is ook beskrywings van Jesus – wat Hy gedoen het, wat Hy besig is om te doen en wat Hy van plan is om te doen. Wat leer ons uit hierdie teksverse oor Jesus?

Op. 1:5

Op. 1:18

Op. 5:8

Op. 19:11–15

Op. 21:6

Hierdie is slegs enkele voorbeelde. Daar is baie teksverse in Openbaring wat Jesus in sy verskillende hoedanighede en rolle uitbeeld. Hy word byvoorbeeld die Lam genoem, wat op sy eerste koms dui, toe Hy sy lewe as sondeoffer vir die mens kom gee het. “Verwyder dan die ou suurdeeg, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees, en dit is julle ook werklik. Ons paaslam is immers geslag: dit is Christus” (*1 Kor. 5:7, NAB*). Dit is Hy wat sê: “Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid” (*Op. 1:18, NAB*) wat duidelik op sy dood en opstanding dui. “So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan” (*Luk. 24:46, OAB*). Voorts het ons 'n beskrywing van Jesus se wederkoms in Openbaring 19:11-15, waar Hy in al sy mag en heerlikheid, en met sy oordele, na ons toe terugkeer. “Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade” (*Matt. 16:27, OAB*).

Hoe kan 'n mens die lewe, dood, opstanding en terugkeer van Jesus die middelpunt van ons daaglikse bestaan en die grondslag van ons daaglikse besluite oor reg en verkeerd maak?

Die heiligdom as deurlopende beeld

Benewens die twee indelings – histories en eskatologies – het die Openbaring ook ’n ander sy, waar die Hebreeuse heiligdom as metafoor gebruik word. Boonop is dit nie net tot een van die twee indelings beperk nie. Dit loop deur beide. In die aardse heiligdom begin die offerhande in die voorhof, by die brandofferaltaar, waar die dier geslag word. Na die slag van die offerdier, wat op die kruisdood van Jesus dui, gaan die priester die eerste vertrek van die heiligdom binne, ’n skadubeeld van die taak wat Jesus na sy hemelvaart in die hemelse heiligdom sou verrig. In Openbaring (*hfst. 1:13*) word dit versinnebeeld deur Jesus wat tussen die sewe kandelare staan.

Lees Openbaring 4:1, 2. Waarop dui die geopende deur? Waar speel hierdie toneel hom af? Lees ook Hand. 2:33; 5:31; Ef. 1:20; Heb. 10:12, 13; Ps. 110:1; Op. 12:5.

Kort na sy hemelvaart het Christus met sy verhewe taak in die Heilige deel van die hemelse heiligdom begin. Dit is die eerste geopende deur waardeur Hy moes gaan. Ons eerste kennismaking met Christus in Openbaring is daar waar Hy tussen die kandelare staan, wat met die eerste vertrek (die Heilige Plek) van die aardse heiligdom ooreenstem (lees Op. 1:10-18).

Lees Openbaring 11:19. Toe Johannes die hemelse tempel geopend gesien het, was die verbondsark duidelik sigbaar. Neem in ag dat die verbondsark in die tweede vertrek (oftewel die Allerheiligste Plek) van die aardse heiligdom gestaan het. Wat beteken die feit dat Johannes dit hier kon sien (lees Lev. 16:12-14)?

Dié beeld – van die verbondsark in die hemelse heiligdom – is ’n klinkklare bewys dat ons hier met die Allerheiligste te make het, die tweede vertrek van die aardse heiligdom. In Openbaring kom ons nie net Jesus se tweevertrek-bediening teë nie, maar ook die feit dat gebeure op aarde en in die hemel by mekaar aansluiting vind. Te midde van die beproewinge van die verlede, hede en eindtyd, waarvan ons in Openbaring lees, het ons die versekering: “Die ganse hemelskare is betrokke by die voorbereiding van die uitverkorenes, sodat hulle op die Dag van die Here staande sal bly. Die band tussen hemel en aarde blyk besonder heg te wees.” (Ellen G. White, *My Life Today*, bl. 307).

Christus in Openbaring: Deel 1

Alles in Openbaring, vanaf die struktuur tot die inhoud, het 'n enkele doel: Die openbaring van Jesus Christus. Dit is hoekom Openbaring ingelui word met die woorde “Die openbaring van Jesus Christus” (*Apocalypsis Iesou Christou*). Hierdie sinsnede word gewoonlik soos volg vertolk: (1) “Die openbaring, komende van Jesus” (soos blyk uit die NAB) of (2) “die openbaring oor Jesus Christus” (*Op. 1:2*). Die feit dat dit 'n “openbaring” – m.a.w. 'n bekendmaking – is, is strydig met die siening dat Openbaring te moeilik is om te verstaan. Hoekom sou die Here dit dan deel van die Bybel gemaak het as dit vir die leser verborge moes bly?

Lees Openbaring 1:1-8. Wat leer ons uit hierdie verse aangaande Jesus?

In Openbaring word Jesus as “die Owerste oor die konings van die aarde” bekend gestel (*Op. 1:5, OAB*) en teen die einde se kant, as “die Koning van die konings en die Here van die here” (*hfst. 19:16, OAB*). Die goeie nuus hier is dat ons, te midde van al die verwarring en chaos op aarde, die wonderlike versekering het: Ons liefdevolle Heer en Heiland het die beherende aandeel. In Openbaring 1:5 het ons 'n klinkklare verwysing na Christus as die Verlosser. “Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed” (*OAB*) – 'n sinsnede waarmee Johannes die soendood op Golgota aantoon. Nie het Jesus ons regverdig gemaak nie, maar ook heilig (*1 Kor. 6:11*). Teksvrese soos dié skenk ons verlossingsekerheid, want dit wys vir ons dat Jesus die een is wat ons van sonde reinig, iets wat ons beslis nie self kan doen nie.

Lees Openbaring 1:7. Wat leer ons hieruit aangaande Jesus?

Die kern van die ganse Christelike leer is die groot belofte: “Kyk, Hy kom met die wolke” (*OAB en NAB*). Ja, Jesus kom weer. Dit is 'n letterlike wederkoms, 'n gebeurtenis wat die hele wêreld gaan aanskou, een wat al ons ou wêreld se lyding, verwarring en vernietiging vir eens vir altyd tot 'n einde sal bring en wat die beloofde ewigheid dan inlui.

Wat sê Openbaring 1:8 vir ons oor Jesus? Watter hoop kan 'n mens uit hierdie teksvers put, troos te midde van die beproewinge wat ons te beurt val?

Christus in Openbaring: Deel 2

Lees Openbaring 1:10-18. Wat sê Jesus omtrent Homself hier?

Hier maak Jesus sy verskyning, in die eerste vertrek van die hemelse heiligdom. Die openbaring van Jesus in dié hoedanigheid was so oorweldigend dat Johannes by sy voete neergeval het uit pure vrees. Jesus, immer-vertroostend, sê vir die apostel om nie bang te wees nie en verwys na Homself as die Alfa en Omega, Die Eerste en die Laaste – waarmee Hy sy voorbestaan (Sy ewige bestaan) as God aandui. Later praat Hy oor Sy dood en opstanding, en die hoop wat Sy opstanding uit die dood bring. Jesus het “die sleutels van die dood en die doderyk” (NAB). Met ander woorde, hier sê Jesus presies dieselfde ding aan Johannes as wat Hy aan Marta gesê het na haar broer se dood – woorde wat Johannes ook dan in sy Evangelie opgeteken het: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?” (Joh. 11:25, 26, NAB). In sy gesprek met Marta, en ook hier met Johannes, wys Jesus ons op die opstandingshoop – die oorwinningsoomblik van alle atlete wat hardloop in Christus. Wat het ons sonder dié hoop?

Lees Openbaring 22:7, 12, 13. Hierdie skrifgedeelte gee ons verdere insigte oor Jesus. Wat sê dit oor Hom?

“Christus Jesus is die Alfa en die Omega, die Genesis van die Ou Testament en die Openbaring van die Nuwe Testament. Christus is die vergestaltung van beide. Deur die Seun van die mens se gehoorsaamheid word God en mens versoen. Die Seun van die mens het dit reggekry om die versoekings van Satan teë te staan, en sodoende Adam se skandelige val en volslae mislukking te oorkom” (Ellen G. White *Comments, SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 1092). Jesus is inderdaad die begin en einde van ons geloofspad. In die begin het Hy ons geskape, en in die laaste dag gaan Hy ons herskep. Van begin tot einde is Openbaring – met sy lesse oor die geskiedenis, maar veral ook die eindtyd – steeds die Apocalypsis Iesou Christou, die openbaring van Jesus Christus. Weereens is Jesus Christus die hoofsaak, selfs al bekyk ons ander aspekte van die eindtyd.

Op watter maniere kan ons Jesus die middelpunt van ons daaglikse handel en wandel maak?

Vir verdere studie:

“Openbaring is ’n uitbeelding van die dieptes van God. Let op die naam: ‘Die Openbaring’ – ’n bewys dat dié geënspireerde werk geensins ’n verseëlde boek is nie. ’n Openbaring is immers ’n bekendmaking. Die Here Self het die geheime in hierdie boek aan sy diensknegte en diensmaagde bekend gemaak, en Hy het dit ook so beskik dat die bybelstudent daartoe toegang moet hê. Die waarhede van Openbaring is vir elkeen wat hom- of haarself in ’n eindtydwêreld bevind, maar dit was ook afgestem op diegene wat in Johannes se tyd geleef het. Party van die gebeure wat in dié profesie beskryf word, is reeds verby. Ander is besig om te ontvou. Sommiges dui op die voleinding van die kosmiese konflik tussen die Hemelkoning en die magte van duisternis, terwyl ander die oorwinnings en [louter] vreugdes van die verlosses op die nuwe aarde na vore bring” (Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, bl. 584). Die teksverse waarna ons die afgelope week gekyk het – dié aan die begin én einde van die boek – toon duidelik hoe Jesus-gerig Openbaring in werklikheid is. Ten spyte van al die Ou-Testamentiese verwysings na historiese gebeure, wys dit die bybelstudent hoofsaaklik op ons Heer en Meester, Jesus Christus. Verdere verwysings na die Verlosser verskyn in Openbaring 3:14, hfst. 5:5 en 6, hfst. 7:14 en hfst. 19:11-16. Wanneer ’n mens al hierdie teksverse saamvoeg, het jy ’n kragtige blik op Jesus. Aan elke belydende gelowige wys dit: Dit is wat die Heiland vir gelowiges beteken.

Vrae vir bespreking:

- 1. Reg deur die Nuwe Testament kom ’n mens Ou-Testamentiese verwysings teë. Wat leer ons daaruit? Wat sê dit vir ons oor die voorrang wat die Skrif in ons geloofslewe moet geniet en in hoe ’n mate ons erns met die Woord van God moet maak? Hoe kan ons onself teen enige pogings om die Skrif se gesag in ons lewens (en in die lewe van die gemeente) te ondermyn, beskerm?**
- 2. Gaan vlugtig deur die boek Openbaring en soek na teksverse wat spesifiek oor Jesus gaan. Maak soveel as moontlik tekste bymekaar en lees dit tydens Sabbatskool aan die klas voor. Watter verdere lesse kan ons daaruit leer oor die karakter, wese, werk en mag van die Meester? Watter vertroosting bied dit aan die gelowige?**
- 3. In ons wêreld is die dood ’n nare werklikheid. Hoe kan ons leer om hoop en vertroosting uit die opstandingsbelofte te put?**